

Hoe rapporteer Partye aan die Konvensie op Biologiese Diversiteit op genetiese diversiteit en hoe kan rapportering en monitering verbeter word?

AGTERGROND

- **Biodiversiteit** staar toenemende druk in die gesig; dit sluit in habitatdegradasie, klimaatsverandering, besoedeling en vinnig verspreide patogene. *Genetiese diversiteit* – die variasie binne spesies – speel 'n belangrike rol in die populasie se vermoë om aan te pas en te bestaan in reaksie op die veranderende omgewing. Genetiese diversiteit is een van die drie vlakke van biodiversiteit wat erken word deur die Konvensie op Biologiese Diversiteit (KBD), nasionale en internasionale bewaringsbeleid.
- **Skattings** van die status en neigings van genetiese diversiteit word egter nog nie as roetine geïntegreer in bewaringsprogramme of biodiversiteit doelwitte nie. Hierdie kan gedeeltelik verduidelik word as gevolg van die tegniese natuur van genetiese benaderings en die ont koppeling tussen genetiese navorsing en bewaringsbeamptes. Verder, die gebrek aan betroubare aanwysers word herken as 'n sleuteldata gaping vir die na-2020 biodiversiteit raamwerk.
- **Om beter te verstaan** hoe die KBD en geondertekende Partye genetiese diversiteit bepaal en beskerm, het ons 'n deeglike resensie gedoen van 114 5^{de} en 6^{de} Nasionale Verslae om te bepaal hoe lande aksies, gebruike, bedreigings, neigings en prioriteit spesies vir genetiese diversiteit rapporteer vir monitering en bewaring.

AANBEVELINGS

Ons aanbevelings aan die KBD Sekretariaat en Partye mik om die monitering en die bewaring van genetiese diversiteit te verbeter vir die langtermyn volharding van populasies en gesonde ekosisteme om die kerndoel van die KBD te volbring.

1

Verhoog die bewustheid en kennis van die kernrol van genetiese diversiteit in biodiversiteit, beskerm en dokumenteer inheemse en plaaslike kennis en bou kapasiteit tussen bewaringsbeamptes om genetiese diversiteit te monitor en te bestuur.

2

Ontwikkel en implementeer standaard riglyne vir roetine genetiese bestuur, langtermyn monitering en verslaggewing van genetiese diversiteit status, bedreigings, aksies en neigings vir wilde en sosio-ekonomiese belangrike spesies.

3

Implementeer verbeterde en gefokusde genetiese diversiteit doelwitte en aanwysers (Hoban et al. 2020) vir die na-2020 KBD raamwerk om genetiese diversiteit neigings en die vordering ten opsigte van die die neigings te monitor.

4

Wysig die KBD Nasionale Verslag templaats en voorsien riglyne en hulpbronne om duidelike en konsekwente rapportering te bemoedig vir in-situ en ex-situ genetiese diversiteit monitering van wilde en sosio-ekonomiese belangrike spesies.

Die finale verslag met volledige aanbevelings mag hier gevind word: Hoban et al. 2020. An analysis of genetic diversity actions, indicators and targets in 114 National Reports to the Convention on Biological Diversity. ([preprint](#))

SLEUTELBEVINDINGE

- Alhoewel meeste lande die belangrikheid van genetiese diversiteit herken, het 21% van die 6^{de} Nasionale Verslae nie na 'n genetiese diversiteit doelwit verwys nie.
- Net 5% van lande het aanwysers gerapporteer gebaseer op genetiese diversiteit of the bewaring van inheemse en plaaslike kennis van genetiese diversiteit.
- Aksies om genetiese diversiteit te bewaar het hoofsaaklik gefokus op landbou spesies (graangewasse, plaasdiere en verwante spesies) in plaas van wilde spesies.
- Die top drie genetiese diversiteit aanwysers soos gerapporteer deur lande het ingesluit die aantal genetiese hulpbronne in bewaringsfasiliteite, die aantal plant hulpbronne bekend/opgeneem en die Rooi Lys status. Hierdie aanwysers kan nie genetiese verwerking betroubaar meet nie.
- Die beperkte aandag om genetiese diversiteit te monitor, veral die nie-ekonomiese belangrike spesies belemmer die kapasiteit om verandering in globale genetiese diversiteit oor tyd te bepaal.

TOEKOMSTIGE AANWYSINGS

Die KBD en geondertekende Partye het die geleentheid om te verseker dat genetiese diversiteit doelwitte effektiewelik geïmplementeer word om bewaring van biodiversiteit te bevorder. Die GEO BON Genetiese Komposisie Werksgroep en vennote is in staat om volgehoue kundigheid te verskaf aan die KBD en Partye soos hulle aanwysers ontwikkel en implementeer om genetiese diversiteit te monitor en te bewaar.

Voorberei deur die Groep op Aarde Observasies Biodiversiteit Observasies Netwerk (GEO BON) Genetiese Komposisie Werksgroep vir persone wat belangstel in die na-2020 strategie.

Kontak: Dr. Sean Hoban, shoban@mortonarb.org en Dr. Margaret Hunter, mhunter@usgs.gov